Navrae
Enquiries
IMibuzo MHW Engelbrecht

Telefoon
Telephone
IFoni (021) 467-2000

Faks
Fax
IFeksi (021) 467-2996

Verwysing
Reference
ISalathiso 7/2/2

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0060/2001

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN INRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME

**TOESTAAN VAN ONDERLING OOREENGEKOME SKEIDINGSPAKKET (OOSP) AAN PREPRIMêRE OPVOEDERS BY GEWONE OPENBARE SKOLE**

Die WKOD het, as 'n spesiale toegewing, dit goedgekeur dat die OOSP aan alle preprimêre opvoeders by gewone openbare skole, met die uitsondering van preprimêre prinsipale, toegestaan word indien hul daarom aansoek sou doen.

Aansoeke van preprimêre opvoeders om met die OOSP uit diens te tree moet so gou as moontlik ingedien word – verkieslik voor of op 15 Junie 2001.

Die bostaande toegewing is gemaak aangesien die genoemde opvoeders nie herontplooi kan word nie omdat geen poste vir preprimêre opvoeders geskep word nie en preprimêre poste wat vakant raak, om watter rede ook al, afgeskaf en vervang word met 'n subsidie soos verduidelik in Omsendbrief 4/98.

Hiedie toegewing beteken dat alle preprimêre opvoeders by gewone openbare en onafhanklike skole, met die uitsondering van preprimêre prinsipale by gewone openbare skole, nou behandel sal word op dieselfde wyse as ander botallige opvoeders sover dit die OOSP aanbetref.

In die lig van die bogenoemde, is Omsendbrief 0005/2001 daarom ook van toepassing op preprimêre opvoeders verbonde aan gewone openbare skole, met die uitsondering van daardie aspekte wat in hierdie brief hanteer word en wat dus van toepassing sal wees.

U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag te bring van die opvoeders wat daardeur geraak word en alle betrokkenes te versoek om dit te teken en te dateer.

U samewerking sal waardeer word.

NMS. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001.05.24.



GRAND CENTRAL-GEBOU, LAER-PARLEMENTSTRAAT, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000
GRAND CENTRAL BUILDING, LOWER PARLIAMENT STREET, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000